# MARNEWECK FAMILIE GESKIEDENISARGIEF

## BYLAAG C6

### Afrikaanse Vertaling van Marneweck se Apologie

*Leesbare Afrikaanse Weergawe*

*Kaap de Goede Hoop, 27 Junie 1794*

---

*Exhibitum d. 27 Junie 1794*

Die Raad bevestig hiermee definitief die hierin gevelde en gevolmagtigde vonnis soos verborder deur die voorsitter en ander lede van die Agbare Raad van Justisie van hierdie regering.

Aan die Agbare heer Oloff Godlieb de Wet, president, benewens die Agbare Raad van Justisie aan die Kaap die Goede Hoop.

Agbare Heer en Here:

## Erkenning van Skuld by die President se Huis

Die ondergetekende Coenraad Marnewek De Jongen, wat tans in aanhouding verkeer, stel u met eerbiedigde ootmoed in kennis van die volgende:

Dat die ondergetekende (wat die versoek rig) op Donderdag die 5de van hierdie maand, as gevolg van 'n ondeurdagte oorhaastigheid en onbesonnenheid, by die huis van die Agbare President opgedaag het, en aan hom, terwyl sy gemoedstemming verdrietig en desperaat was, op 'n onversigtige wyse 'n onbehoorlike vraag gestel het.

## Erkenning van die Herhaling voor die Raad

Dat die persoon wat die versoek rig, op 'n buitengewone vergadering gehou op Maandagmiddag die 16de van dié maand, voor u wat oor regterlike mag beskik en in judicio verslyn het, bogenoemde onbehoorlike vraag herhaal het en moontlik meer terme van dié aard gebruik het, waardeur hy sy skuld as gevolg van misdrywe groter gemaak het.

Dit kan egter meer toegeskryf word aan onversigtigheid en misplaaste ambisie om dit wat gesê is nie te herroep nie, as aan 'n opsetlike voorneme om u daardeur te hoon of te minag. Die ondergetekende gun homself die besluit wat u ten opsigte van hom geneem het, waardeur hy vir 'n lang tyd in siviele aanhouding geplaas is, tot tyd en wyl hy onder die gelui van die klokke en met oop deure op sy knieë om vergifnis smeek.

## Die Skande vir Sy Familie

Dat dit dan nou by nadere en rustige oorweging tot die ondergetekende deurgedring het watter smaad en skande hy as gevolg van sy onversigtigheid en onbedagsaamheid aan sy huisgesin, vrou en kinders, en sy ander ordentlike familielede gebring het. Vir 'n sensitiewe hart is dit 'n slag so swaar dat dit nooit vergeet sal word nie.

## Versoeke aan die Raad

Derhalwe wend die persoon wat die versoek tot u rig hom met eerbiedige ootmoed tot u, vir gunstige oorweging met betrekking tot dieselfde siviele aanhouding van die 16de van die maand af – as die waarvoor hy aan swak gesondheid en liggaamlike agteruitgang onderheewig gemaak is, waarvan hy nie alleen genogsame blyke ondervind het nie, maar waarvoor hy ook in sy beroep en hantering geen skadelike of nadelige gevolge vir homself of sy huisgesin te vrees gehad het nie.

### Versoek 1: Vergewing van Onbesonnenheid

Om hom sy onbesonnenheid en onversigtigheid genadiglik kwyt te stel.

### Versoek 2: Versagde Amende Honorable

Om hom van die openlike skuldbekentenis, wat in die besluit vervat is – naamlik om op sy knieë om vergifnis te smeek terwyl die klokke lui met oop deure – vry te spreek. In plaas daarvan versoek hy dat hy toegelaat word om slegs in 'n volle hofsitting sy heelhartige berou en leedwese te betoon, die Agbare President om verskoning te vra, sy onbehoorlike terme terug te trek, en die Agbare Heer te erken as:

- 'n Regter op wie se lewenspad partydigheid en onregverdigheid nooit in die minste mate 'n rol gespeel het nie.
- 'n Baie ordentlike en fatsoenlike man oor wie se reputasie en gedrag daar niks gesê kan word nie behalwe dit wat in ooreenstemming is met die strengste norme van goeie trou.

### Versoek 3: Vrylating

Om dan uiteindelik hierdie persoon wat die versoek tot u rig uit sy siviele aanhouding te ontslaan, of soos dit u mag behaag.

*Coenraad Marneweck de Jonge*

## Uitkoms

Die Raad het hierdie versoek geweier. Marneweck se vrou sou daarna nog twee verdere versoeke indien – op 27 Junie (skriftelik) en 3 Julie 1794 (mondelings) – ook tevergeefs. Die Raad het elke keer by die vonnis gebly.

Marneweck het uiteindelik in die nag van 23 Oktober 1794 uit gevangeskap ontsnap eerder as om sy straf te ondergaan. Hy is nooit weer gevind nie en is op 10 Desember 1794 vir ewig uit die kolonie verban.